Die Wilgers
RESIDENTS ASSOCIATION
INWONERSVERENIGING

P O Box 70843
Die Wilgers 0041
Fax: 012 8074291
www.dwra.co.za
chair@dwra.co.za

STANDARD BANK
"Die Wilgers Residents Association"
Account: 012190764
Branch: 012445

NEWSLETTER July 2012

Dear Residents,

The work on the construction of a floodwater channel in Oulandsloop Park has progressed to the stage where the contractor will have to demolish the existing bridge over the stream (close to Janine Street). It will take a couple of months to complete the paving of the water course and replace the pedestrian bridge. The existing footpath at the western side of the park will be kept open to enable pedestrians to reach Frank Street from the Soendal Street area without having to cross the stream.

The construction of the new bridge has high priority. Please tolerate the dust and construction activities. The end result will be worth it. Feel free to contact me should you have any comments on the project.

Mooi loop,

NUUSBRIEF Julie 2012

Beste Inwoners,

Die werk aan die konstruksie van die vloedwaterkanaal in Oulandsloop- park het gevorder tot die stadium waar die kontrakteur die bestaande brug oor die stroom moet sloop (naby Janinestraat). Dit sal □ n paar maande duur om die loop van die kanaal te plavei en die voetgangersbruggie te vervang. Die bestaande voetpad aan die westelike kant van die park sal oopgehou word sodat voetgangers Frankstraat kan bereik van die Soendalstraatgebied sonder om die stroom oor te steek.

Die konstruksie van die nuwe brug geniet voorrang. Wees asseblief geduldig met die stof en konstruksie aktiwiteite. Die finale produk sal vir die ongerief vergoed. Skakel my asseblief te eniger tyd indien iemand kommentaar oor die projek het.

Mooi loop,

Theuns Erasmus (**environment@dwra.co.za**)
Community liaison officer (CLO) **/** Skakelbeampte van die gemeenskapskonstruksieprojek
0836252329



CCTV CAMERA PROJECT

We have reached the R25000 mark – Thanks a lot.

This allows us to proceed with the first camera to be installed at Uitspan and Rossow str. We are presently looking at the technical details and will inform you of progress.

GKTV-KAMERAPROJEK

Ons het die R25000 bereik – Baie dankie.

Dit stel ons in staat om voort te gaan met die installasie van die eerste kamera by Uitspan en Rossow str. Ons is tans besig om na die tegniese besonderhede om te sien en sal u in kennis stel van die vordering.

LIFE MED SERVICES IN DIE WILGERS

It often happens that transporting an elderly person to and from the hospital becomes a major problem with an ordinary vehicle. Sometimes there is a need for an ambulance but one finds it difficult the specific service or it is not available. A gardener may get hurt or a child has a serious fall and the immediate help of a paramedic is crucial. Due to these reasons ComSafe and Life Med found a solution – 24-hour paramedic services that are available to everyone in Die Wilgers.

LIFE MED DIENSTE IN DIE WILGERS

Soveel keer sit mens met die probleem dat 'n bejaarde moeder of vader van of na die hospitaal vervoer moet word maar 'n gewone motor is nie geskik daarvoor nie. Dikwels gebeur dit dat 'n ambulans om mediese redes benodig word maar moeilik is om in die hande te kry. 'n Tuinwerker word beseer of 'n kind val uit 'n boom en die hulp van paramedici word dringend benodig. Om hierdie redes het ComSafe en Life Med met 'n oplossing gekom – 24- uur paramedici dienste wat beskikbaar is vir elkeen in Die Wilgers.

How does this benefit the residents?

- Elderly people can be transported to and from the hospital with the help of paramedics and in a very comfortable manner.
- If any accidents occur at home you only need to call the ComSafe control room to send the paramedics to help, to administer first aid or to take the injured person to the hospital.

Therefore, if you need medical assistance and immediate aid, call the control room at ComSafe and help will be at your doorstep in a few minutes. No more worrying about what to do in case of an accident having difficulty in reaching medical services. The services rendered are free but hospitalisation and medical costs at the hospital are not covered.

Wat beteken dit vir die inwoners?

- Bejaarde mense kan na en van die hospitaal met behulp van die paramedici en ook op die beste en gemaklikste manier vervoer word.
- Indien daar enige ongelukke by die huis plaasvind kan daar ingebel word na die ComSafe beheerkamer om die paramedici uit te stuur om te gaan help, noodhulp te verleen of die beseerde na die hospitaal te neem.

Dus om toegang te kry tot hierdie mediese en ambulansdienste en onmiddellike hulpverlening kan enige inwoner van Die Wilgers net die ComSafe beheerkamer skakel en so binne 'n paar minute mediese dienste bekom. Geen bekommernis meer oor ongelukke of wag vir mediese dienste nie, dis nou so te sê op elke Wilgers inwoner se voorstoep. Die dienste wat verskaf word is ook gratis, hospitalisasie en mediese kostes word egter nie gedek nie.

Anton Noeth (**security@dwra.co.za**)
ComSafe 0861 12 24 07 of 012 807 4289

Keeping Die Wilgers Clean

Spring is knocking on our doors and I assume all the gardeners in Die Wilgers are slaving in their gardens. As usual, after the cold months, the gardens are dry and brown but fortunately the spring bulbs will soon start blooming. Enjoy your gardening and do not forget about the garden competition which we hope to make an annual event to coincide with our AGM.

Unfortunately not all residents believe in an aesthetic environment and open stands and road reserves have become the dumping ground for garden refuse and rubble. We have a problem with the owners of these stands to keep them tidy and also with Tshwane Metro to keep the sidewalks neat. Unfortunately the problem lies with inconsiderate residents who do not follow the rules by taking excess garden refuse and other rubbish to the designated dumping areas. It is especially palm tree leaves, tree branches and plastic refuse bags that mar our suburb. The littering is especially visible at the following sites:

- Oulandsloop, next to Soendal Street
- Empty stand c/o Swaardlelie Avenue and Farm Road
- Open stands in Farm Road (between Stilgeleë and west of Uitspan Streets)
- West of Power Avenue to Albeth Street
- In front of houses in Power Avenue
- Road reserve in Simon Vermooten Avenue

We really would appreciate it if those responsible will STOP littering and request the help of neighbours to check on the culprits. Let us all live together in harmony and work together to uplift our suburb.

Hou Die Wilgets Skoon

Die lente is amper hier en ek aanvaar dat al die tuiniers in Die Wilgers hard aan die tuinmaak is. Die tuine is maar droog so na die koue maande maar die eerste lentebolle begin binnekort blom. Geniet jou tuinmakery en moenie vergeet van die tuin kompetisie wat ons beplan om 'n jaarlikse instelling saam met ons AJV te maak nie.

Ongelukkig glo al die inwoners nie aan 'n estetiese omgewing nie en oop erwe en padreserwes het die stortingsterrein vir tuinafval en bourommel geword. Ons het 'n probleem met die eienaars om hierdie erwe netjies te hou en met Tshwane Metro om sypaadjies netjies te hou. Ongelukkig is die oorsaak van die probleem onbedagsame inwoners wat nie die reëls nakom deur oortollige tuinafval en ander vullis na die aangewese stortingsterreine te neem nie. Dit is veral palmtakke, boomtakke en swart vullissakke wat regtig ons voorstad ontsier. Die rommelstrooi is veral sigbaar by die volgende terreine:

- Oulandsloop, langs Soendalstraat
- Oop erf h/v Swaardlelielaan en Farmweg
- Oop erwe in Farmweg (tussen Stilgeleë en wes van Uitspanstraat)
- Wes van Powerlaan tot by Albethstraat
- Voor huise in Powerlaan
- Padreserwe in Simon Vermootenlaan

Ons sal dit baie waardeer indien diegene wat hiervoor verantwoordelik is sal STOP om rommel te strooi en versoek bure om asseblief die skuldige aan te spreek. Laat ons in harmonie leef en saamwerk om ons woonbuurt te verbeter.

Henry Northal (**services@dwra.co.za**)